'n Honde Lewe

Hallo! Ek is 'n hond en het 'n storie om te vertel. Dit is die storie van hoe ek my naam gekry het en hoe ons 'n besigheid begin het met die naam: "'n Honde Lewe".

Dit het alles begin op Mandy se 9de verjaarsdag by haar huis in Constantia. Mandy se pa het vir haar 'n verjaarsdaggeskenk gegee. Dit was ek! Een van die ander geskenke was 'n sokkerbal. Mandy het die bal rondgeskop, maar ek het opgewonde geraak en het ook probeer saam speel. Mandy het baie kwaad geword en geskree:

"Los die bal - dit is myne! Skoert, jou onnosele hond!"

Wel, dit was die einde... Mandy het my nie goed versorg nie: sy het vergeet om vir my kos te gee. Sy het nie eens vir my 'n naam gegee nie. Ek moes daar wegkom. Eendag het Mandy die hek oop gelos en toe hardloop ek weg. Ver, ver weg. Ek het gehardloop al die pad van Constantia tot in Khayelitsha!

Drie baie moeilike dae later het ek my nuwe vriend, John, ontmoet. Hy was buite sy huis besig om met sy pa te stry.

"Hoe durf jy so met my praat! Gee pad uit my huis uit en sorg vir jou eie kos en jou eie geld!"

John se pa was op die punt om hom seer te maak. Dit was toe dat ek besluit het om vir John te help. Ek het John se pa bespring en aan sy broek gebyt – net om hom skrik te maak. Julle moes sy gesig gesien het! Hy het baie vinnig weggehardloop.

John was koud en honger, en het nêrens gehad om heen te gaan nie – net soos ek.

"Jy het my gered van my pa. Jy is 'n engel. Het jy 'n naam?" het John gevra.

"Nee." sê ek toe.

"Wel, dan noem ek jou 'Angel'!"

Op daai oomblik sien 'n 'gangster' met die naam Bra G ons. Hy kom nader gestap met 'n halwe glimlag op sy gesig.

"Bra G kan vir jou 'n bed, 'n dak oor jou kop, en kos gee - solank as wat jy werk vir Bra G."

Dit is hoe ons begin werk het vir Bra G. Bra G het my aan 'n ketting vasgemaak. In die dag het hy ons uitgestuur om vir hom te steel. Ons het gevind dat ons 'n lewe van misdaad lei.

Eendag het Bra G ons gestuur om goed te steel by 'n groot byeenkoms by die gemeenskapsentrum. Toe ons daar opdaag het ons musiek gehoor. Hulle het vir John genooi om saam te sing en dans op die verhoog. Daarna het 'n jong dame genaamd Thandi almal verwelkom:

"Baie welkom aan almal - en julle lieflike troeteldiere!"

Thandi het my op die verhoog genooi en my 'n pil gegee vir wurms asook behandeling teen bosluise en vlooie. Die mense by die byeenkoms het my so goed versorg, dat ek in 'n fantastiese bui was teen die tyd wat ons terug gekom het by Bra G se plek. Bra G was woedend:

"Julle was die hele dag weg en al wat julle my bring is niks! Jy is nutteloos! Jy en jou onnosele hond!"

John het besluit om op te staan teen Bra G en het gesê:

"Bra G, ons wil nie van die Dierewelsyns-mense steel nie."

Skielik het Bra G vir John probeer slaan, maar ek het begin grom en blaf, en het my tande vir hom gewys. Bra G was geskok en bang.

Toe ons weer vrede maak, het ons vir Bra G na die volgende Dierewelsyns-by-eenkoms geneem. Daar het ons geleer van inentings en sterilisasie. Ek was baie verras om vir Mandy by die vergadering te sien.

"Ek is so jammer ek het jou nie mooi versorg nie."

Mandy het aangebied dat haar pa ons help om ons besigheid, "'n Honde Lewe" , te begin.

Ons het almal saamgewerk om mense se diere te vertroetel en versorg en het baie goeie vriende geword. So dit is my storie.

En dit is hoe ek 'Angel' geword het.

DIE EINDE

IFAW.org
INTERNATIONAL FUND FOR ANIMAL WELFARE

JUNGLE THEATRE COMPANY
EDUCATIONAL-INTERACTIVE-ENVIRONMENTAL

www.jungletheatre.co.za